Nuusbrief vir 12 Maart 2020

Hoërskool Swartland

NUUS

Uit die skoolhoof se kantoor

12 Maart 2020

Ons wil graag 'n ieder en elk bedank wat 'n aandeel gehad het aan die sukses van ons Koor se Langtafel fondsinsamelingsprojek. Dit was 'n grootse geleentheid met baie vriende, ouers en ondersteuners van ons skool wat dit laat realiseer het. Ons het groot waardering vir elkeen se inset en positiewe bydrae. Nogmaals baie dankie!
Nuwe aansoeke 2021: Volgens WKOD-voorskrifte sluit die nuwe graad 8-aansoeke vir 2021 alreeds op 17 Maart 2020. Ons wil vra dat u maar hierdie kennisgewing onder vriende en huidige graad 7's versprei indien u sulke kontakte het. Baie dankie!

Skoolfonds

12 Maart 2020

Daar is 'n onrusbarende aantal ouers wat nog geen skoolfonds betaal het nie. Skoolfonds is jaarliks vanaf Februarie tot November verpligtend betaalbaar. U het onlangs die kontrolevorm ontvang met die betaalprosedure en -reëlings van die skool. Alle rekeninge wat geen betaling op 31 Maart 2020 toon nie, word onmiddellik aan ons prokureurs oorhandig. Onderaan u staat kan u elke maand 'n spesiale boodskap lees. Hierdie boodskap bevat baie belangrike inligting en reëlings rakende die skoolfonds. Lees asseblief die 'fynskrif'.

Skoolfonds kontrolevorms

12 Maart 2020

Die WKOD verplig ons om hierdie inligting met u te deel asook u besonderhede wat op die agterkant gevra word, op rekord te hê. Dit is van uiterste belang dat u hierdie inligting volledig invul en die vorm onmiddellik terugstuur skool toe. Elke leerder het geteken vir die ontvangs van hierdie vorm en elke leerder teken weer as die vorm teruggebring word skool toe. Dankie vir u begrip en samewerking in hierdie verband.

Koshuislosiesgeld

12 Maart 2020

Daar is ouers van koshuisleerders wat nog geen inbetaling vir losies vir 2020 gemaak het nie. Ons wil u daaraan herinner dat u kind reeds vir nege weke akkommodasie en etes ontvang het waarvoor u nog nie betaal het nie. U maak dus op ander ouers staat om vir u kind se versorging te betaal. Dit is ongewens dat u dit kan verwag. Die beleid sê pertinent dat koshuisgeld vooruitbetaalbaar is. U moes dus alreeds klaar vir die eerste kwartaal betaal het. Indien die eerste kwartaal se koshuislosies nie teen 20 Maart 2020 ten volle vereffen is nie, het die koshuiskomitee die gesag en reg om u kind van verdere koshuisakkommodasie te ontneem. Dan sal u ander verblyf vir u kind moet kry. Ons hoop dat u die erns van die saak besef. Vir navrae of reëlings kan me De Klerk by die skool gekontak word.

Dienskontrakte

12 Maart 2020

Volgens die WKOD se voorskrifte moet die skool u as ouer in kennis stel wanneer dienskontrakte se kontraktydperk verby is, en daarom hierdie kennisgewing as formaliteit. Die sanitêre- en plaagbeheerkontrakte verval op 31 Maart 2020. Indien ons wil kanselleer, moet ons drie maande kennis gee en dit is problematies om nuwe diensverskaffers in die middel van die jaar te kry waar toerusting geïnstalleer moet word. Ons beoog dus om met Rentokil voort te gaan. Ons kry baie goeie diens by hulle en die skakelpersoon is woonagtig op Malmesbury wat skakeling vergemaklik. Vir enige navrae oor hierdie kwessie, kan ons beheerliggaam se subkomitee Finansies gekontak word.

Verdere matriek 2019 prestasies

12 Maart 2020

Ons het verneem dat Annaliese Smal vyfde in die Wes-Kaap geëindig het in Afrikaans Huistaal, en Aiden Newman derde in Afrikaans Eerste Addisionele taal. Baie geluk met hierdie besondere prestasies!

Tennis prestasie

12 Maart 2020

Aiden Cupido (O.15) was gekies vir die Kavaliersspan wat op 7 Maart in die toernooi, Kavaliers Platteland teen WP op Worcester gespeel het. Doen so voort, Aiden!

Gholf uitslae

12 Maart 2020

HS Swartland verloor op 10 Maart teen Curro Langebaan met 97 teenoor 77 punte. Auden Julies speel 39 houe en Tian van Lill 40 houe.

Dankie mev Horn

12 Maart 2020

'n Klompie van ons leerders het op 3 Maart aan die 'Shakespeare festival' deelgeneem. Die ouers van hierdie leerders wil graag vir mev M Horn hartlik bedank vir al haar harde werk en moeite wat sy ingesit het om dit vir hierdie leerders moontlik te maak. Dit was 'n baie leersame en genotvolle gebeurtenis wat hierdie leerders altyd sal bybly. Baie, baie dankie!

Sport te Brackenfell 13, 14 Maart

12 Maart 2020
Let asseblief daarop dat die program vir die sport op hierdie dag onder Bronne / "Resources" op hierdie D6 Communicator geplaas is. Hofie: Sportdae programme.

Netbal oefentye

12 Maart 2020
O/14: Dinsdae en Donderdae 14:15 - 15:30
O/15: Dinsdae en Donderdae 14:15 - 15:30
O/16: Dinsdae en Donderdae 15:30 - 17:00
O/17: Dinsdae en Donderdae 15:30 - 17:00
O/18: Maandae 16:00 - 17:00; Dinsdae en Donderdae 15:30 - 17:30; Woensdae 15:30 - 17:00

Hokkie winter oefentye

12 Maart 2020
Die hokkie winter oefenprogram begin vanaf 2 Maart. Vergewis uself van die oefentye - die rooster is op Bronne / "Resources" op hierdie D6 Communicator program.

Skoolfonds vir 2020

12 Maart 2020
Die volgende skoolfonds en resolusies is bevestig en goedgekeur:
Skoolfonds van R17 900 per jaar per leerder. Dit word eenmalig vooruit gehef en is vooruitbetaalbaar.
U kan op drie maniere betaal:
R17 000 voor 28 Februarie 2020, OF R4 475 binne die eerste 14 dae van elke kwartaal, OF R1 790 per maand oor 10 maande met die laaste paaiement vóór 30 November 2020.
Alle nié-betalers tot en met die 31 Maart 2020-rekonsiliasie word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Alle rekeninge wat vir 60 dae en langer dormant en onbetaald is, word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Let wel- spesiale betaalreëlings mag slegs deur beheerliggaam (skriftelik) goedgekeur word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

12 Maart 2020
Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

12 Maart 2020
Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 12 Maart 2020 - 19 Maart 2020

12th Maart 2020
Toutrek SA te Worcester

13th Maart 2020
Detensie 14:00

13th Maart 2020
Rugby, hokkie, netbal na Brackenfell
Sportdag - alle A-spanne

15th Maart 2020
Hokkie O/16A Spar girls festival

16th Maart 2020
Beheerliggaam vergader 18:00

17th Maart 2020
Swartland's got Talent

17th Maart 2020
Skooltoelatings vir 2021 sluit

18th Maart 2020
Puntebespreking

18th Maart 2020
Gr 12 Rocking Future road show 12:00

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Maart 06 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e60e80893e75422550806.pdf

Sport te Brackenfell 13, 14 Maart - netbal

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e609e2b20616390317210.docx

Sport te Brackenfell 13, 14 Maart - hokkie

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e609dfe80b6a527368172.pdf

Sport te Brackenfell 13, 14 Maart - rugby

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e609dac5f59f626523377.docx

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.